# NASKOOLSENTRUMBELEID
# VAN PROTEARIF LAERSKOOL

## INLEIDING

**A.** Die naskoolsentrum stel dit ten doel om beskikbaar te wees vir leerders wie se ouers voldag werksaam is en nie behoorlike toesig tuis kan bied nie. Dit is vir die skool van kardinale belang dat die sentrum leerders ondersteun met behoorlike toesig, beheer en geborgenheid. Die sentrum stel ten doel om 'n uitstaande diens te lewer wat voldoen aan hoë standaarde.

**B.** Leerders word die geleentheid gebied om na skool 'n gesonde maaltyd te geniet asook 'n middaghappie, buitemuurse aktiwiteite by te woon, huiswerk te doen tydens 'n studiesessie en sosiaal met maats te verkeer. Ekstra studie na 16:00 is altyd moontlik.

**C.** 'n Kontrakvorm met persoonlike gegewens van elke leerder, insluitende sy graad- en klasonderwyser se besonderhede word deur die ouers geteken en op lêer geplaas. Met die ondertekening van die Kontrakvorm **(Sien aangeheg as Aanhangsel A)** erken ouers/voogde dat hulle die naskoolsentrumbeleid gelees het en stem toe tot die bepaalings en voorwaardes daarin vervat.

## 1. FOOIE

1.1 Die fooie per leerder beloop 'n vasgestelde bedrag soos deur die skoolbeheerliggaam bepaal word en is jaarliks aanpasbaar. Die bedrag is effektief vir tien maande (Februarie tot November). Hierdie bedrag is **vooruitbetaalbaar**.

1.2 Die fooi mag verhoog word deur die sentrum deur 1 (een) kalendermaand vooraf skriftelike kennisgewing aan die ouer te gee.

1.3 Die fooi is ten volle betaalbaar, hetsy die kind die sentrum bywoon, al dan nie en totdat die bywoning van die kind regmatig gekanselleer is, soos hierin voorsiening gemaak.

1.4 Die fooi is vooruitbetaalbaar by die skoolkantoor of per EFT voor die 7de dag van elke maand. U ontvang elke maand 'n rekeningstaat hiervoor.

1.5 Enige agterstallige bedrae sal rente dra teen mora rente koers (huidiglik teen 7%) en ingeval sodanige agterstallige gelde verhaal moet word sal die ouer ook aanspreeklik wees vir die betaling van alle regskostes insluitende kostes op 'n prokureur / eie kliënt skaal.

1.6 **Die naskool is nie gesubsidieer nie en alle gelde is streng vooruitbetaalbaar.**

1.7 Dring asseblief aan op 'n kwitansie indien u kontant betaal.

1.8 Vir enige navrae rakende u rekening kontak finance@protearif.co.za asb.

## 2. TYE

2.1 Die sentrum sal bedryf word **gedurende skoolkwartale** wanneer die skool uitkom vanaf **13:30 tot 18:00.** Daar sal nie naskool wees op publieke vakansiedae nie.

2.2 Die sentrum sal gesluit wees gedurende die Desembervakansie, maar sal verder elke vakansie oop wees teen 'n addissionele fooi, per kind, per dag. Relevante datums sal skriftelik aan u deurgegee word.

2.3 Die tye tydens skoolvakansies is vanaf **06:30 tot 17:30**.

2.4 'n Boete ten bedrae van R100 per kwartier of gedeelte daarvan sal onmiddellik betaalbaar wees indien die ouer versuim om die kind by die sentrum af te haal voor of om 18:00 op enige dag. Indien u herhaaldelik laat is, sal ons van u versoek om nie meer van ons dienste gebruik te maak nie.

2.5 Verpligte tye vir huiswerk / studie sal gedurende skoolkwartale onder toesig van 'n gekwalifiseerde / opgeleide fasiliteerder gehandhaaf word, vanaf 14:30 tot 16:30.

**L.W.** geen individuele onderrig vind plaas nie, slegs toesig en beheer. Hulp sal wel verleen word indien moontlik. Voorsiening word gemaak vir leerders wat aan sport- en / of kultuuraktiwiteite deelneem en ekstra studie-ure kan gedoen word in 'n rustige omgewing**.**

## 3. MAALTYE

3 1 Die sentrum sal daagliks 'n gebalanseerde ligte maaltyd aan die kind voorsien. Die voedsel sal deurlopend deur die Beheerliggaam gekontroleer word vir die gehalte en kwaliteit daarvan.

3.2 Middagete word verskaf gedurende die skoolkwartaal sowel as gedurende vakansietye. In vakansietye word ook 'n oggendhappie (mieliepap) bedien.

3.3 Tensy vermeld in die persoonlike besonderhede hierby aangeheg, waarborg die ouer dat die kind nie vir enige voedsel of medikasie allergies is nie.

## 4. TOESIG

4.1 Die ouer/voogde onderneem om voor 09:00 te skakel/sms (verkieslik) indien die kind nie die betrokke dag die sentrum sal bywoon nie. Die naskoolnommer is 011 956 6358, of Epos – sarie@protearif.co.za

4.2 Die ouer onderneem om nie die kind van die sentrum te verwyder of hom/haar toe te laat om die sentrum of terrein te verlaat, alvorens **die aftekenregister, wat daagliks deur die ouer onderteken moet word, nie geteken is nie.**

4.3 In geval van siekte moet die ouer die sentrum in kennis stel van hoe lank die kind afwesig sal wees.

4.4 Geen kind mag van die sentrum afgehaal word deur enige persoon behalwe die ouer, tensy die ouer die sentrum skriftelik in kennis gestel het van die naam en adres van die betrokke persoon wat die kind sal afhaal nie. Sodanige skriftelike toestemming moet die proefhandtekening bevat van die persoon wat die kind mag

afhaal en die sentrum mag bewys van identiteit van sodanige persoon versoek, indien hul dit nodig ag. Indien alternatiewe reëlings met die kind getref word, moet die Naskoolsentrumpersoneel skriftelik in kennis gestel word.

4.5 Geen telefoniese toestemming met betrekking tot die afhaal van die kind of die verlaat van die terrein deur die kind, sal toegelaat word nie.

4.6 Die ouer magtig hiermee die sentrum onherroeplik om die kind op sodanige uitstappies te neem as wat die personeel van die sentrum mag goed dink.

4.7 Die naskoolsentrum is **nie verantwoordelik** as naskoolsentrum-leerlinge die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie.

4.8 Die sentrum en sy personeel sal poog om na die beste van hul vermoë, alle voorsorg te tref teen beserings, ongelukke of siektes van welke aard ookal, hetsy by die sentrumterrein of tydens uitstappies.

4.9 Die ouer vrywaar egter hiermee namens die ouer, regsverkrygendes, sy erfgename en eksekuteurs en die kind vir die Laerskool Protearif, die sentrum, hul beamptes en werknemers teen en onthef en stel hul hiermee vry van enige aanspreeklikheid vir en ten opsigte van enige skade van watter aard ookal en enige regsuitgawes of kostes wat mag voortspruit uit enige eis, as gevolg van die dood van, of siekte of besering wat deur die kind opgedoen mag word tydens die kind se bywoning van die sentrum of enige uitstappies wat daarmee gepaard gaan.

## 5. PERSOONLIKE BESITTINGS

5.1 Alle besittings en klere moet deeglik gemerk word.

5.2 Geen aanspreeklikheid van welke aard ookal word aanvaar vir die verlies, beskadiging of vernietiging van enige persoonlike besittings nie, wat ookal die oorsaak van sodanige skade mag wees nie.

5.3 Die ouer sal die kind voorsien van speelklere, ten einde die kind se skoolklere te beskerm.

## 6. DISSIPLINE

Goeie orde en dissipline sal deurentyd deur die naskoolpersoneel gehandhaaf word.

6.1 Algemene reëls wat toegepas word deur die Naskoolpersoneel:

a) Alle skoolreëls en gedragskodes is van toepassing op die nasorgsentrum.
b) Die skoolterrein mag onder geen omstandighede verlaat word nie.
c) Geen vreemdelinge of maats mag kom kuier nie.
d) Geen skaatsplanke, skaatsfietse of rolskaatse word toegelaat nie.
e) Toilette is nie ‘n speelplek nie.
f) Geen vuurwerke, klappers, waterbomme, vuurhoutjies, wapens of messe word toegelaat nie.
g) Mag nie op die stoepe en in die klaskamers hardloop nie.
h) Geen blare, blomme of plante mag gepluk word nie.
i) Geen leerder word toegelaat op die skool se dak nie.
j) Geen takke mag van bome afgebreek word nie.
k) Geen bome mag geklim word nie.
l) Geen afknouery, geterg, gevloek, rompe oplig, rompe aftrek,

broeke aftrek, lelike grappe of praatjies sal geduld word nie.

m) Geen toegang tot die saal, lapa, store, klaskamers en administratiewe geboue word toegelaat nie.

n) Die klavier in die saal mag nie gespeel word nie.

o) Niemand mag deur sproeiers hardloop, natgooiery en nat spoeg is nie toelaatbaar nie.

p) Geen water word gemors in badkamers en op die terrein nie. Geen modderspelery nie.

q) Geen taskrap, toesluit van tasse of wegsteek van tasse word toegelaat nie.

r) Alle rommel op die terrein en in die klaskamers moet opgetel word.

s) Geen persoonlike speelgoed nie.

t) Geen klonte, klippe, stokke of voorwerpe mag gegooi word nie, veral nie na persone en karre in die straat of op terrein nie.

u) Daar mag nie in die blombeddings en tuine gespeel word nie.

v) Geen kougom word toegelaat nie.

w) Alle waardevolle besittings word op eie risiko na die skool gebring deur kinders en geen verantwoordelikheid word deur die Naskool aanvaar.

x) Geen snoepie mag deur die Naskool aangebied word nie. Die skool beskik oor ‘n snoepie wat tot laat in die middag oop is.

y) Geen eiendom van die skool mag beskadig word nie.

**7. MEDIESE SORG**

7.1 Die ouer dra hiermee uitdruklik sy magte as ouer / voog oor aan die sentrum met betrekking tot enige mediese behandeling van welke aard ookal wat vir die kind mag nodig wees tydens bywoning van die sentrum en wel so in die sentrum se absolute en eie diskresie.

7.2 **Geen medikasie mag aan ‘n leerder toegedien word volgens die skolewet nie.**

7.3 Die ouer bevestig hiermee dat behalwe soos vervat in die persoonlike besonderhede hierby aangeheg, die kind nie enige allergieë, geneigdheid tot abnormale bloeding of gesondheidsafwykings van enige aard het nie.

7.4 Die ouer onderneem om die sentrum skriftelik in kennis te stel indien die kind positief toets vir HIV of VIGS. Die sentrum onderneem om sulke inligting slegs op die hoogste vlak van bestuur en dan streng konfidensieel te hanteer.

7.5 Die ouer onderneem om op aanvraag alle mediese en hospitalisasierekeninge van watter aard ookal te betaal, ingeval enige mediese versorging van die kind nodig mag blyk soos hierin vorentoe vermeld.

**8. ALGEMEEN**

8.1 Alle skool- en dissiplinêre reëls geld vir die naskool.

8.2 Die ouer bevestig dat die bestuur van die sentrum van tyd tot tyd dit nodig mag vind om sekere addisionele reëls en regulasies tot hierdie dokument toe te voeg in hulle absolute eie diskresie. Sulke veranderinge sal skriftelik aan die ouers bekend gemaak word.

8.3 Die ouer waarborg en onderneem om enige skade van welke aard ookal wat deur die kind berokken mag word aan enige eiendom of die persoon van die sentrum, enige personeel of enige ander kind of persoon wat die skoolterrein mag besoek tydens die kind se bywoning by die sentrum onmiddellik, op aanvraag te vergoed.

## 9. BEËINDIGING

9.1. Die ouer of die sentrum moet 1 (een) kalendermaand voorafgaande skriftelike kennis gee dat die kind nie meer die sentrum gaan/mag bywoon nie.

9.2 Die sentrum mag onmiddellik en sonder kennisgewing die dienste beëindig indien:

1. Die ouer nie enige gelde hierkragtens betaalbaar stiptelik op die betaaldag betaal nie; of
2. Die ouer of die kind enige voorwaardes of regulasies hiervan nie stiptelik sou nakom nie.

“AANGANGSEL A”

**LAERSKOOL PROTEARIF NASKOOLSENTRUM KONTRAKVORM 2023**
**Gr. R – Gr. 7**

Datum waarop leerder met naskool sal begin: ________________________

1. Voorletters en van (ouer/voog):

   ________________________________________________________

2. Woonadres:

   ________________________________________________________

   ________________________________________________________

3. E-posadres:

   ________________________________________________________

4. Telefoonnr. Vader: (s) ____________________________________

5. Telefoonnr. Moeder: (s) ____________________________________

6. Familie/vriende se naam en telefoonnommer in geval van nood:

   ________________________________________________________

7. Naam van Huisdokter:

   ________________________________________________________

   Telefoonnommer:

   ________________________________________________________

8. Mediese fonds:

   ________________________________________________________

   Nommer:

   ________________________________________________________

9. Opmerkings: Verstrek asb. enige inligting waarvan ons moet kennis dra bv. allergieë, diabetes, asma ens.

   ________________________________________________________

   ________________________________________________________

   ________________________________________________________

1. **NAAM EN VAN, VAN LEERDER(S):**

- ____________________________________
- ____________________________________
- ____________________________________
- ____________________________________

2. **TARIEWE EN BETALINGS**

Fooie is per maand/kwartaal of jaar vooruitbetaalbaar:

- 1 of 2 Dae per week — R100 per kind per dag (tref reëlings vooruit asb sodat voorsorg vir middagete getref kan word)
- 3 – 5 Dae per week — R890.00 per maand

| | Dui asb. die opsie aan: |
|---|---|
| 3 -5 Dae per week @ R890 per maand x 10 maande (Feb-Nov) | |
| 1 of 2 dae per week @ R100 per kind per dag | |

| | Dui asb. aan, die dae waarop leerder naskool sal bywoon en buitemuurse aktiwiteite waaraan deelgeneem word: |
|---|---|
| Maandag | |
| Dinsdag | |
| Woensdag | |
| Donderdag | |
| Vrydag | |

Naskoolfooie word apart van die skoolfonds gehef. Die naskoolgelde is R890 vir 10 maande vooruitbetaalbaar voor of op 3$^{de}$ dag van die maand. Dagtariewe vir toevallige besoekers is R100.00 per middag, op die toepaslike dag betaalbaar. Laaste paaiement sal op 1 November van die betrokke jaar wees. **Grasie tot die 7de van die maand word toegestaan maar daarna sal die leerders nie meer in die naskool toegelaat word indien die betaling nie gemaak is nie.**

**3. SKRIFTELIKE KENNISGEWING**

Geen kind sal in die naskoolsentrum toegelaat word indien daar nie 'n kontrakvorm voltooi is nie (kontrak met die naskoolsentrum gesluit is nie). Indien u kind nie meer die naskoolsentrum gaan bywoon nie, **moet u asb. 'n kalendermaand skriftelik kennis gee.** Indien 'n leerder hom/haar wangedra of indien u na twee geleenthede u kind laat kom afhaal by die naskool, behou die personeel die reg voor om die kontrak skriftelik te kanselleer.

**4. BETALINGS**

Ten einde die finansiële bestuur van die skool te vergemaklik, word u versoek om van "EFT" (elektroniese betaling) asook kontantbetalings by die finansies kantoor gebruik te maak.

Rekeningbesonderhede is soos volg:

Laerskool Protearif
ABSA
Krugersdorp
Reknr. 01005660153
Takkode 630241
Tjekrekening
Plaas u kind se naam en van op as verwysing asook die woord **naskool.**

**5. ALGEMENE VOORWAARDES**

Geen verslapping of uitstel verleen deur die sentrum aan die ouer ten opsigte van die nie-nakoming van enige van die bepalings hiervan, sal die sentrum benadeel om sy regte in terme hiervan onmiddellik uit te oefen nie.

Hierdie kontrakvorm saamgelees met die naskoolsentrumbeleid vorm die geheel van die ooreenkoms tussen die sentrum en die ouer. Behoudens die bepaling van die naskoolsentrumbeleid soos vervat in klousule 1.1 (fooie) en 8.2 (reëls en gedragskodes) sal enige veranderings van krag wees tensy dit deur albei partye onderteken is nie.

Ons/ek bevestig dat die inligting gegee op die persoonlike besonderhede hierby aa ngeheg waar en korrek is in alle opsigte.

**6. MEDIESE KONDISIES**

Ons/ek versoek dat die skool op die volgende inligting sal let en verleen hiermee toestemming dat die inligting deur die skool gebruik mag word indien dit in die skool se diskresie in belang sal wees van die kind se veiligheid en gesondheid:

| Naam van leerder | Mediese kondisie (Noem asb aspekte waarvan die onderwyspersoneel bewus moet wees, bv allergieë, geneigdheid tot abnormale bloeding, epileptiese aanvalle,ens.) |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

**7. NAVRAE**

U is welkom om die skool te skakel by (011) 956-6358 of te e-pos by sarie@protearif.co.za / finance@protearif.co.za indien u enige vrae het. U word aangemoedig om enige probleme te enige tyd by ons te rapporteer. Ons help graag en sal na alle aanbevelings luister.

**8. UITVOERING VAN 'N OOREENKOMS**

Hiermee erken ek, ___________________________________ dat ek die volledige kontrak gelees, verstaan en geteken het en bewus is van die inhoud.

Geteken op hierdie ________ dag van _______________ 20____, te ________________.

______________________
**OUER / VOOG**

______________________
**PAUL DE WAAL**
**BEHEERLIGGAAM VOORSITTER**

______________________
**DONNA LOURENS**
**HOOF**